



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**RELIGIESTUDIES V2**

**NOVEMBER 2014**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord enige DRIE vrae.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Alle godsdienste het 'n stel leringe oor die aard van die mensdom, die wêreld, die goddelike, die skepping en ander dele van ons lewens.

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies Grade 12*]

- 1.1 In die konteks van enige EEN godsdien, beantwoord die volgende vrae met verwysing na die sentrale leringe.
- 1.1.1 Wat is die rol van die goddelike in die skepping? (10)
- 1.1.2 Bespreek die begrip *beloning en straf*. (10)
- 1.1.3 Bespreek die begrip *lewe na die dood* as deel van die mens se bestaan. (10)
- 1.2 In elke godsdien is daar praktiese riglyne wat 'n gelowige in die lewe behoort te volg.
- Kies TWEE praktiese riglyne uit enige EEN godsdien en ontleed elkeen. (20)
- [50]**

**VRAAG 2**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Alhoewel elke godsdien 'ononderhandelbare' leringe het, sal verskille in interpretasie en praktyk nie uitgesluit bly nie.

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies Grade 12*]

- 2.1 Kies enige EEN godsdien en bespreek die interne verskille wat bestaan onder die volgende opskrifte:
- 2.1.1 Verskille in bestuur (20)
- 2.1.2 Verskille in geloof/oortuigings (leringe) (10)
- 2.2 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.
- Die tradisionele gesin is die bousteen van die samelewing. Die verbrokkeling van gesinne lei tot verskeie maatskaplike uitdagings.
- 2.2.1 Identifiseer VYF uitdagings wat gesinstrukture in die gesin staar. (10)
- 2.2.2 Met verwysing na die leringe van enige EEN godsdien, stel praktiese stappe voor wat gevolg moet word om 'n gesinseenheid te versterk. (10)
- [50]**

**VRAAG 3**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Deur sy leringe kommunikeer elke godsdienst aan sy volgelinge waarom die wêreld is soos dit is, asook hul plek en plig daarin.

Leringe in heilige tekste moet slegs volgens riglyne wat duidelik uiteengesit is, geïnterpreteer word.

Sulke leringe sluit onder andere doktrines, gelykenisse en mites in.

[Bron: *Focus on Religion Studies*]

- 3.1 In die konteks van godsdienst, bespreek en evalueer die rol van die volgende:
- 3.1.1 Mondelinge tradisie (14)
- 3.1.2 Heilige tekste (14)
- 3.1.3 Inspirasie (12)
- 3.2 Noem VYF hermeneutiese beginsels. (10)
- [50]**

**VRAAG 4**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Godsdienste het nog altyd verduidelikings oor die skepping en die status van die mensdom gebied. Oor die afgelope vier eeue het wetenskap egter begin om ander antwoorde op hierdie vrae te gee.

[Bron: *Religion Studies*]

- 4.1 Gee 'n kort verduideliking van die Oerknalteorie. (20)
- 4.2 Bespreek hoe die skepping van die heelal deur enige TWEE godsdienste verduidelik word. (20)
- 4.3 Verduidelik die siening van Hindoeïsme oor die evolusieleer. (10)
- [50]**

**VRAAG 5**

- 5.1 Verduidelik die begrip *sekulêre humanisme* in die konteks van Religiestudies. (10)
- 5.2 Bespreek die redes vir die toename in Westerse sekulêre humanisme. (20)
- 5.3 Noem enige TWEE sekulêre wêreldbeskouings en skryf VIER feite oor elk neer. (20)
- [50]**

**TOTAAL: 150**